25

☎ [redacted] X239
322-8522
"GOVAT"

FAX 322 0177

FEDLIFE FORUM
SUIDTORING • SOUTH TOWER
Van der Waltstraat
Van der Walt Street
PRETORIA

Navrae
Enquiries

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA • REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

BM/NVL

My Verw
My Ref 9104/94/J2

U Verw
Your Ref

DIE STAATSPROKUREUR
THE STATE ATTORNEY
Privaatsak
Private Bag X91
PRETORIA
0001

# FAXBOODSKAP

# FAX MESSAGE

south african history archive
SAHA

FAXNOMMER :
FAX NUMBER: (051) 478098

VIR AANDAG :
FOR ATTENTION: REGTER L T C HARMS

GETAL BLADSYE (HIERDIE EEN INGESLUIT):
NUMBER OF PAGES (INCLUDING THIS ONE) : DRIE

BOODSKAP:
MESSAGE :

GRIFFIER HOOGGEREGSHOF
1994 -09- 02
REGISTRAR SUPREME COURT

(Kontak bogenoemde onmiddellik indien u nie al die bladsye ontvang het nie.)

(Telephone immediately if you did not receive the number of pages indicated above.)

26

☎ [redacted] 322-8522
✆ "GOVAT" X239
FAX 322 0177
FEDLIFE FORUM
SUIDTORING • SOUTH TOWER
Van der Waltstraat
Van der Walt Street
PRETORIA

Navrae
Enquiries MNR B MINAAR

BM/NvL

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA • REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

My Verw. 9104/94/J2
My Ref.
U Verw.
Your Ref.

DIE STAATSPROKUREUR
THE STATE ATTORNEY
Privaatsak
Private Bag X91
PRETORIA
0001

FAKS: (051) 478098 1 September 1994

Sy Edele Appèlregter L T C Harms
Regterskamers
Appèlhof
Posbus 258
BLOEMFONTEIN
9300

U Edele

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA SEKERE BEWEERDE MOORDE

south african history archive
SAHA

U skrywe gerig aan die Direkteur-Generaal: Justisie gedateer 15 Augustus 1994 verwys.

Soos aan u uitgewys in die Direkteur-Generaal: Justisie se skrywe gedateer 16 Augustus 1994 het ek die kwessie van die beskikbaarstelling van die oorkonde met die Nasionale Weermag opgeneem en is die posisie tans die volgende :

Die rekord van die Kommissie soos geliasseer by die Staatsargiewe is bestudeer en bestaan daar geen oorkonde met betrekking tot die gedeelte van die getuienis wat in camera afgelê was nie. Indien daar wel iewers 'n afskrif daarvan beskikbaar sou wees, sou die Nasionale Weermag graag die geleentheid wou gehad het om dit te bestudeer alvorens 'n finale houding ingeneem word met betrekking tot beskikbaarstelling daarvan. Alle regte in hierdie verband word gevolglik vir die oomblik voorbehou.

Die Kommissie het wel sekere geprivilegeerde bewysstukke na afhandeling van die getuienis teruggehandig aan die Nasionale Weermag en was hierdie dokumente destyds al vernietig. Die enigste dokumentêre getuienis wat nog in besit van die Nasionale Weermag is, is die bewyse met betrekking tot die betalings wat aan Advokaat Lubowski gemaak is en wat breedvoerig

in u uitspraak behandel is. Ons is nie van mening dat beskikbaarstelling van hierdie stukke die saak enigsins verder sal vat nie en sou verkies om dit nie tot beskikking van Prokureur Bosman te stel nie.

Ons hoop dat bogenoemde u navraag beantwoord en verneem graag van u indien u bewus is van 'n kopie van die oorkonde met betrekking tot die verrigtinge in kamera.

B MINNAAR
NMS: STAATSPROKUREUR (PRETORIA)

south african history archive
SAHA